GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2019

NASIENRIGLYNE

AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2 (10022)

33 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS
(Eerste Addisionele Taal) Vraestel 2

NASIENRIGLYNE

NASIENRIGLYNE

1. As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien dus die eerste antwoord na.

2. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

3. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.

4. By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.

5. ’n Kandidaat word nie gepenaliseer as aanhalingstekens ontbreek nie, al vereis die vraag dit.

6. Vir oop vrae waar JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE plus ’n motivering vereis word, word slegs die rede / motivering nagesien. Indien die kandidaat nie JA / NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA / NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

7. Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

8. By oopvrae en vrae waar ’n verduideliking vereis word: indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit in die tweede sin tot die antwoord lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

9. Indien die kandidaat kru taal gebruik, word die kru woorde geïgnoreer.

10. Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit nie korrek nie, mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

11. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar as dit in die opdrag was.

12. Wanneer twee of drie feite / punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite / punte nagesien.

13. By vrae oor verskil, ironie, ens. waar twee kante van ’n saak vereis word, behoort al twee kante gestel te word. Volg die riglyne soos in die memorandum.

VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

Bl. 7 en 11; bl. 196 en 201

		VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
1.1	1.1.1	Maska / (Die) ou man	(1)	1
	1.1.2	Die ou man toon respek vir Saul.	(1)	3
	1.1.3	Hy het gehoop dat Saul sal afsien van sy plan om Oupoot te skiet.	(1)	3
1.2		Hy wil Oupoot gaan skiet.	(1)	2
1.3		Hy het goud gedelf.	(1)	3
1.4	1.4.1	• Hy het die woord ‘olifant’ gebruik. • Volgens bygeloof sou ’n olifant jou kom trap as jy die woord ‘olifant’ gebruik.	(1) (1)	2 4
	1.4.2	Grootvoete	(1)	2
1.5		Hy wil verhoed dat Freek Terblans vir Oupoot skiet.	(1)	3
1.6		• Niemand in die bos sal vir hom ’n koeël gee nie. • Die bosmense het hom verwerp. • Niemand sal hom help nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
1.7		• Hulle sien hom as spioen. • Hulle sien hom as ‘anders’. • Hulle beskou hom as verraaier. • Hulle het geglo Saul dink hy is beter as hulle. (Enige TWEE)	(2)	3
1.8		(Op die vragskip), (die) Pictor	(1)	2
1.9		• D • verdedigingsmeganisme. • D verdedigingsmeganisme. (Enige EEN)	(1)	4
1.10	1.10.1	• Jozef se oudste seun is dood. • (klein) Joram(pie) is dood. (Enige EEN)	(1)	3
	1.10.2	Freek Terblans gaan vir Oupoot skiet.	(1)	3

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
1.11	• Saul weet Oupoot loop alleen. • Saul het ’n besondere band met Oupoot en wéét dit kan nie hy wees nie. • Oupoot sou nie tien ander saamgeneem het as hy die kwaad wou doen nie. • Indien dit Oupoot was, sou Joram nie tot amper op die dorp kon leef nie. (Enige EEN)	(1)	4
1.12	Ja. Mense kan so geheg raak aan ’n dier dat hulle soos familie kan voel. OF Nee. Mens en dier kan nooit broers wees nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1) **[18]**	5
	EN		
1.13	1.13.1 • Drome / droomwêreld teenoor werklikheid / realiteit • Die wêreld van Saul teenoor die houtkappers se wêreld (Enige TWEE kontrasterende antwoorde)	(2)	4
	1.13.2 Dat die bloubokkie se gal in sy kop sit	(1)	3
1.14	Die Skepper / God	(1)	2
1.15	• Oupoot was die koning van die olifante. • Oupoot was die hoofleier (van die olifante).	(2)	1
1.16	Ja. Die natuur sal tot niet gaan as ons nie die natuurwette respekteer nie. OF Nee. Die natuur is nie die mens se probleem nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
1.17	1.17.1 • A • Izak Barnard • A Izak Barnard (Enige EEN)	(1)	2
	1.17.2 • C • Abraham Steyn • C Abraham Steyn (Enige EEN)	(1)	2
	1.17.3 • E • James Stopforth • E James Stopforth (Enige EEN)	(1)	2
	1.17.4 • D • Frank Jefferson • D Frank Jefferson (Enige EEN)	(1)	2
1.18	eufemisme	(1)	4
1.19	1.19.1 Met ’n groot kalander wat afgekap is	(1)	3
	1.19.2 ’n Upright (geelhoutboom) wat hulle gekap het, het op hom geval.	(1)	2
	1.19.3 Saul hoor dat sy pa gereeld vir Maska gestuur het om uit te vind hoe dit met hom gaan.	(1)	3
1.20	• Saul het geweier om die kalander te kap. • Saul het aangegaan met die goudbesigheid. • Saul het geweier om langer ’n houtkapper te wees. (Enige TWEE)	(2)	3
		[17] **[35]**	

	Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**	**Vlak 4**	**Vlak 5**
Hoeveelheid	2	10	13	5	2
Punte	13 / 35		14 / 35	8 / 35	
	37%		40%	23%	

VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

Bl. 32; bl. 114 – 115

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
2.1	2.1.1 Hanna	(1)	2
	2.1.2 Mana / Hanna se ma	(1)	1
	2.1.3 Ma en dogter	(1)	3
2.2	• Die huwelik met Hanna se pa (Gavin) was net ’n gerieflikheidshuwelik / Gavin was gay / homoseksueel (en Mana was naar van die swangerskap). • Tibo se pa was ’n proefbuis (en daarom was daar geen wittebrood nie).	(2)	3
2.3	• Hulle het glad nie betaal vir die huis nie. • Beyers se vriend het die huis gratis beskikbaar gestel. (Enige EEN)	(1)	3
2.4	• Mana was weer swanger / Nog ’n baba was op pad. • Daar was reeds 4 kinders in die huis. (Of soortgelyke antwoord)	(2)	3
2.5	2.5.1 spoorweghuis	(1)	2
	2.5.2 staalraamvensters	(1)	2
	2.5.3 ateljee	(1)	2
	2.5.4 onkruid	(1)	2
2.6	• A • hulle mekaar beter moes leer ken. • A hulle mekaar beter moes leer ken. (Enige EEN)	(1)	3
2.7	nagmerrierit	(1)	3
2.8	• Dit onderbreek Hanna se gedagtes. • Dit verklap iets van Hanna se storie. • Dit brei uit op wat Hanna reeds dink. • Dit skep die idee dat Hanna met haarself praat. (Enige TWEE of soortgelyk)	(2)	3
2.9	2.9.1 Gavin	(1)	1
	2.9.2 Mode-ontwerper	(1)	2
		[18]	

EN

		VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
2.10	2.10.1	15 jaar / vyftien (jaar)	(1)	1
	2.10.2	• Dit was haar lekkerste verjaardag ooit. • Haar hele familie en haar vriendin het dit vir haar spesiaal gemaak. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
	2.10.3	• Geeneen nie. • Haar vyftiende verjaardag (toe Gavin spesiaal vir Hanna kom kuier het,) was die eerste keer. (Enige EEN)	(1)	2
2.11	2.11.1	• D • Sharon • D Sharon (Enige EEN)	(1)	2
	2.11.2	• E • Beyers • E Beyers (Enige EEN)	(1)	2
	2.11.3	• A • Yann • A Yann (Enige EEN)	(1)	2
	2.11.4	• B • Mana • B Mana (Enige EEN)	(1)	2
2.12		• D • gedink het dat dit ’n baie onaangename vakansie sou wees. • D gedink het dat dit ’n baie onaangename vakansie sou wees. (Enige EEN)	(1)	4

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
2.13	Ja. • Dit het beter gewerk as wat hulle gedink het. • Hulle verstaan ook nou vir Margot en Gavin beter. • Hulle het gehoop die gesin sou mekaar beter leer ken (en dit het gebeur). OF Nee. • Dis net die feit dat hulle gedwing word om bymekaar te wees wat maak dat hulle mekaar verdra. (Sodra hulle weer by hulle ou huis is, kan al die konflik weer begin.) • Die teenwoordigheid van Gavin en Margot het hulle aandag van mekaar afgetrek. (Sodra hulle by die huis is, sal die konflik heel moontik weer begin.) (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
2.14	Hanna het altyd vrae gevra.	(1)	3
2.15	Dit is die hoofstuk waarin Hanna oorweeg om ’n toneelstuk (met haar gesinslede as akteurs) te skryf.	(1)	3
2.16	Gavin	(1)	3
2.17	Die spreker het daarmee beklemtoon dat ... • Hanna nog vasgekeer is in die reën. • die omstandighede nog nie verander het nie. • Hanna nog ontevrede is met haar omstandighede. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
2.18	Ja. • Sy noem haar haar liefste ou Hanna Hoekom. • Sy aanvaar Hanna se ewige bevraagtekening van alles. • Sy is ook hartseer as sy sien hoe mooi Hanna met grimering lyk. OF Nee. • Sy is te besig met haar kuns. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
2.19	• Sy en Beyers soek ’n huis waarin elkeen sy eie kamer kan hê. • Sy maak vir hulle kos, al is dit baie keer net sop omdat hulle min geld het. • Sy wil graag hê dat hulle mekaar beter moet leer ken en daarom moet almal saamgaan op wittebrood. (Enige TWEE)	(2)	4

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
2.20	• Ek moet myself aanvaar soos ek is. • Ek moet my gesin aanvaar. (Enige EEN of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se mening.)	(1)	5
		[17]	
		[35]	

	Vlak 1	**Vlak 2**	**Vlak 3**		**Vlak 4**	**Vlak 5**
Hoeveelheid	3	11	11		4	2
Punte	3	11	14		5	2
	14	40%	14	40%	7	20%

VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

Hierdie roman word nie deur Gauteng getoets nie

VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt

Bl. 48; bl. 107

		VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
4.1		Juffrou Breytenbach was die eerste juffrou wat agtergekom het Lien het probleme.	(1)	1
4.2		Wouter is haar (eerste) vriend.	(1)	3
4.3		Tannie Bets	(1)	1
4.4		• B • sy net van Wouter af wou wegkom. • B sy net van Wouter af wou wegkom. (Enige EEN)	(1)	3
4.5	4.5.1	• C • Christiaan • C Christiaan (Enige EEN)	(1)	3
	4.5.2	• E • Malie se koffiewinkel • E Malie se koffiewinkel (Enige EEN)	(1)	3
	4.5.3	• A • Braam • A Braam (Enige EEN)	(1)	3
	4.5.4	• D • Lien se ma • D Lien se ma (Enige EEN)	(1)	3
4.6	4.6.1	• By Tant Malie se koffiewinkel • *coffee shop* (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
	4.6.2	• Sy was ’n alkoholis. • Sy het te veel wyn gedrink. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
4.7		beïndruk	(1)	4
4.8		Dit is altyd ongemaklik om met iemand / ’n leerling te praat oor persoonlike sake / probleme.	(1)	1

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
4.9	4.9.1 verloor	(1)	3
	4.9.2 drank / alkohol / wyn	(1)	3
4.10	• Hy lê voor die televisie. • Hy wil nie die pot terugneem na tannie Bets toe nie. • Lien werk sodat daar kos in die huis is – Braam doen niks nie. • Wil nie opdragte uitvoer nie / hy sê Lien moet self die pot terugneem na tannie Bets toe. (Enige TWEE feite wat aandui dat Braam lui was)	(2)	4
4.11	• Sy bring vir hulle kos (sop). • Sy sorg dat die gesin versorg is. • Sy kry vir Lien werk by tant Malie se koffiewinkel. (Enige EEN)	(1)	1
		[17]	
	EN		
4.12	Lien wil nie hê mense moet haar herken nie.	(1)	2
4.13	verward	(1)	1
4.14	• Ma en Braam • Ma en haar broer • Christien Jooste en Braam • Christien Jooste en haar broer (Of enige alternatief – beide karakters vir twee punte)	(2)	3
4.15	4.15.1 Lien het op die vroutjie se plek kom staan waar sý bedel.	(1)	1
	4.15.2 Rose	(1)	1
	4.15.3 • Oorkant die pad • Op Johnny se plek (hy werk nie meer daar nie). (Enige EEN)	(1)	1
4.16	• B • skoene wat sy aangehad het. • B skoene wat sy aangehad het. (Enige EEN)	(1)	3
4.17	Die vroutjie (Rose) jaag Lien weg van die plek waar sy staan, maar help Lien ook deur vir haar raad te gee. (Moet ironie volledig gee om die punt te verdien)	(1)	4

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
4.18	Hy bedel in 'n omgewing waar die meeste mense die Bloubulle ondersteun.	(1)	3
4.19	• Sy wil kos koop. • Sy spaar vir 'n vliegtuigkaartjie Londen toe.	(2)	1
4.20	Ja. • Dis 'n vinnige en maklike oplossing. • Jy hoef nie altyd te werk vir die geld wat jy ontvang nie. • Lien het eintlik gewerk vir haar geld deur die heeldag in die son te staan. OF Nee. • 'n Mens moet werk vir jou geld. • Dit kan haar in die moeilikheid bring. • 'n Mens vat nie ander mense se geld nie. • Dis nie die beste oplossing as jy geld nodig het nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
4.21	4.21.1 Christien Jooste (Lien se ma) het 'n drankprobleem. Sy kom nie haar pligte as Ma na nie.	(1)	4
	4.21.2 Anton Jooste (Lien se pa) is in die tronk. Hy het die gesin in die steek gelaat. Hy was oneerlik.	(1)	4
4.22	• Sy was 'n musiekonderwyseres. • Sy kon klavier speel. • Sy was musikaal. (Enige EEN)	(1)	1
4.23	VORIGE LEWE: skoolvriende HUIDIGE LEWE: bedelaars	(2)	2
		[18]	
		[35]	

TOTAAL AFDELING A: 35

	VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
Hoeveelheid	10	2	13	5	1
Punte	14 / 35		14 / 35	7 / 35	
	40%		**40%**	**20%**	

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Bl. 26 en 29 – 30

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
5.1	• Skole kon vir die kinders wat leeglê, gebou word. • Die regering kon ’n woonbuurt bou waar die hele familie kon bly. • Die regering kon meer werksgeleenthede vir die werklose vrouens skep. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
5.2	moedeloos	(1)	4
5.3	• Die **staking** was **teen die regering** gemik (1), maar mense wat nie aan die staking deelgeneem het nie, se huise is afgebrand. (1) • Die mense was **teen die paswet** (1); indien hulle nie deelneem nie, was hulle **lewens aan gevaar** blootgestel (1). (Enige EEN of soortgelyk)	(2)	3
5.4	• Bhuti Mbatane is Poppie se stiefpa. • Bhuti Mbatane is haar ma se tweede man. (Enige EEN)	(1)	1
5.5 5.5.1	• Sy wou na Stone kyk, want hulle was getroud. • Sy was met Stone getroud, dus moet sy by haar man wees. (Enige EEN)	(1)	2
5.5.2	Stone ... • was netjies. • het ’n mooi lyf gehad. • het smaakvol aangetrek.	(3)	2
5.6 5.6.1	• E • Regering • E Regering (Enige EEN)	(1)	3
5.6.2	• A • Jakkie • A Jakkie (Enige EEN)	(1)	3

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
5.6.3	• B • Poppie • B Poppie (Enige EEN)	(1)	3
5.6.4	• C • Hoedjie • C Hoedjie (Enige EEN)	(1)	3
5.7	Paswet	(1)	1
5.8	My familie • Ek kon altyd op hulle staatmaak. • Hulle het my ondersteuning gegee. • 'n Man / vrou kan skei, maar nie jou familie nie. (Enige EEN of soortgelyk) OF My man / vrou • 'n Huwelik is tussen 'n man en vrou. • Ek het 'n belofte gemaak dat ek by hom / haar sal bly. • As jy lief vir jou man / vrou is, sou dit maklik wees om hom / haar te kies. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
5.9	5.9.1 (Die munisipaliteit / polisie het die huise afgebrand) om hulle te dwing om na die spesiale dorpe te gaan. 5.9.2 (Die kinders het die huise afgebrand) om die regering te dwing om na hulle te luister.	(2)	3
		[17]	
	EN		
5.10	• Daar was nie 'n private plek in die huis vir hulle om te praat nie. • Daar was te veel mense in die huis. • Hulle het nie hul eie plek gehad nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
5.11	Ja. • As daar geen beskikbare werk is nie en my familie ly honger. • As daar geen ander uitweg is om na my familie te kyk nie. OF Nee. • Ek kan my lewe nie aan gevaar blootstel nie. • Ek sal ander werk soek tot ek dit kry. (Enige EEN of soortgelyk.)	(1)	5

		VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
5.12		• Stone het gedink dat die kontrakwerk by die dairies sy familie se lewe sou verbeter (1), maar dit het sy dood veroorsaak (1). • Stone het gedink dat die werk sy verblyf – en permit sou oplos (1), maar hy was so siek dat hy nie in die huis kon bly of die werk behou nie (1). (Enige EEN, maar moet albei kante stel vir 2 punte)	(2)	3
5.13		• D • se werkloosheidsprobleem opgelos was. • D se werkloosheidsprobleem opgelos was. (Enige EEN)	(1)	3
5.14	5.14.1	• C • Hoedjie • C Hoedjie (Enige EEN)	(1)	2
	5.14.2	• D • Poppie • D Poppie (Enige EEN)	(1)	2
	5.14.3	• B • Stone • B Stone (Enige EEN)	(1)	3
	5.14.4	• A • Mama • A Mama (Enige EEN)	(1)	3
5.15	5.15.1	vergewe	(1)	2
	5.15.2	toordokters	(1)	2
	5.15.3	verlies	(1)	2
5.16		Mans was ook geaffekteer, bv. Stone was geforseer om ongemaklike kontrakwerk te aanvaar net om ’n permit te kry. (Of soortgelyke antwoord)	(1)	3

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
5.17	5.17.1 Die kontrak is om by die dairies te werk.	(1)	1
	5.17.2 Ja. • Dit was nader aan die huis. • Hy kon te voet loop. OF Nee • Die werk was moeilik. • Sy vingers en kliere het opgeswel. (Enige TWEE redes)	(2)	4
5.18	ontsteld	(1)	1
5.19	• Die familie-eenheid was verbreek. • Poppie en Stone was gedwing om apart te bly. • Poppie het gesukkel om die kinders stoksielalleen groot te maak. • Die wet het die werklose vroue en kinders verplig om na die landelike gebiede toe te trek. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
		[18]	
		[35]	

	VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
Hoeveelheid	4	8	13	2	2
Punte	14 / 35		16 / 35	5 / 35	
40%			46%	14%	

VRAAG 6: *PALJAS – Chris Barnard*

Bl. 61 – 62 en bl. 75 – 76

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
6.1	Katrien	(1)	1
6.2	• C • oor Willem se vreemde gedrag wou praat nie. • C oor Willem se vreemde gedrag wou praat nie. (Enige EEN)	(1)	3
6.3 6.3.1	• Manuel was nie by die skuur (toe Willem sy gesin aan hom wou voorstel) nie. • Willem het nie geweet waar Manuel was nie. • Willem kon nie vir Manuel kry nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	1
6.3.2	• Die gesin moes maak asof niks gebeur het nie. • Die gesin moes net aangaan. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	2
6.4	• Willem het vroeër daardie dag gepraat. • Willem het vroeër Manuel se naam geskree. (Enige EEN)	(1)	3
6.5	kommunikeer	(1)	3
6.6	Hendrik het ... • geraas. • Willem gedreig. • mooi met Willem gepraat. • Willem dokter toe geneem. • Willem gesmeek om te praat. • het daarop aangedring dat Willem vir hom in die oggend “totsiens” sê. (Enige DRIE)	(3)	1
6.7	Willem • was bang vir iets. • het geskrik vir iets. • was ongelukkig (oor die lewe). • het iets gesien wat hy nie kon verwerk nie. • wou sy gesin / ouers dwing om hul probleme te erken. • het ontsnap van die werklikheid (deur na sy eie wêreld te onttrek). • het nie geweet hoe om sy onsekerheid / vrees / hartseer te verwerk nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
6.8	Ja. Willem • kon toor. • het gesigte gesien. • het geeste opgeroep. • was besig met duiwelsgoed. • was met die maan gepla / mal. • het heeltyd in die nag rondgeloop. • het dik snye brood vir die afgode geoffer. • het mal geword as ’n mens naby sy plek gekom het. OF Nee. • Willem was net ’n jong seun wat ongelukkig was in sy gesin / omstandighede. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
6.9	Jan Mol	(1)	1
6.10.1	• B • Willem • B Willem (Enige EEN)	(1)	3
6.10.2	• A • Katrien • A Katrien (Enige EEN)	(1)	3
6.10.3	• E • Nollie • E Nollie (Enige EEN)	(1)	3
6.10.4	• D • Hendrik • D Hendrik (Enige EEN)	(1)	3
6.11	6.11.1 Die gesin het (agter Emma) by die klavier gaan staan.	(1)	1
	6.11.2 • Die gesin het nader aan mekaar gekom. • Die gesin het mekaar begin aanvaar. • Die gesin het begin kommunikeer. • Die gesin se verhoudings het verbeter. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
		[18]	

EN

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
6.12	• Hulle was baie aggressief. • Hulle het die McDonalds gedreig. • Hulle het oortree op private eiendom. • Die McDonalds het niks verkeerd gedoen nie. • Hulle het nie aan die McDonalds verduidelik hoekom hulle daar was nie. (Enige TWEE of soortgelyk])	(2)	3
6.13	6.13.1 (die) Dominee	(1)	2
	6.13.2 Willem	(1)	2
	6.13.3 (die) Nar / Manuel	(1)	2
	6.13.4 dorpsmense / jagters	(1)	2
6.14	• Hulle het gewere by hulle gehad. • Jan Mol het gesê dat hulle daar was om “vrek” te skiet. (Enige EEN)	(1)	3
6.15	dieselfde narrepak as Manuel aangehad het.	(1)	3
6.16	Hy het Willem se fiets geleen om kerk toe te gaan.	(1)	3
6.17	• (onderkant) sy sleutelbeen • sy hand (palm) • sy skouer (Enige TWEE)	(2)	1
6.18	• A • invloed • A invloed (Enige EEN)	(1)	3
6.19	• In dié uittreksel is die dorpsmense vyandig teenoor die McDonalds. • Aan die einde van die drama is hulle vriendelik / vra hulle om verskoning.	(2)	4
6.20	Manuel het ook die gemeenskap se houding teenoor die McDonalds / vreemdelinge / mense wat anders is “reggetoor”.	(1)	4

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
6.21	• Hy het die sirkus gemis. • Hy het die groot tent gemis. • Willem het weer begin praat. • Die gesin het weer gekommunikeer. • Willem / Die McDonalds was weer gelukkig. • Sy werk by die McDonalds / in die gemeenskap was klaar. • Hy het besef dat sy teenwoordigheid daar probleme vir die McDonalds veroorsaak het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
6.22	Ek sou vir hom gesê het om … • eerlik te wees oor Manuel. • vriendelik met almal te wees. • klasmaats na sy huis toe te nooi. • aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem. • mense te soek wat dieselfde belangstellings as hy het. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
		[17] **[35]**	

	VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
Hoeveelheid	6	5	12	4	3
Punte	14 / 35		13 / 35	8 / 35	
	40%		37%	23 %	

VRAAG 7: *FIELA SE KIND* – Dalene Matthee

Bl. 71 – 72 en bl. 100 – 101

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
7.1	haar bottels	(1)	1
7.2	• Nina is in die Bos gebore / het daar grootgeword. • Lukas het nou net (van die magistraat af) daar aangekom. (Enige EEN)	(1)	3
7.3	Iemand wat in die Bos grootgeword het, sou nooit die woord "olifante" gebruik het nie.	(1)	3
7.4	Willem en Kristoffel te besig was.	(1)	2
7.5	• B • goeie vertroueling • B goeie vertroueling (Enige EEN)	(1)	3
7.6	Nina en Lukas • verlaat die Bos. • gaan werk op die dorp. • is albei buitestaanders. • kom in opstand teen Elias. • het albei sterk persoonlikhede. • verlang albei terug na waar hulle grootgeword het. • moes aanpas by vreemde omstandighede en mense. • (Enige DRIE of soortgelyk)	(3)	4
7.7	As Lukas verlief raak op sy suster (Nina), bevraagteken hy of hy werklik Lukas van Rooyen kan wees. (Of soortgelyke antwoord)	(1)	3
7.8	7.8.1 Wolwekraal	(1)	1
	7.8.2 Fiela Komoetie	(1)	1
7.9	7.9.1 Elias (van Rooyen)	(1)	1
	7.9.2 • Hy het 'n ekstra paar hande nodig gehad om vir hom te werk. • Hy het iemand nodig gehad om hom te help. (Enige EEN)	(1)	3

		VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
7.10	7.10.1	• C • Hierdie karakter het Lukas as 3-jarige aangeneem. • C Hierdie karakter het Lukas as 3-jarige aangeneem. (Enige EEN)	(1)	1
	7.10.2	• B • Hierdie karakter het Lukas as kind leer roei. • B Hierdie karakter het Lukas as kind leer roei. (Enige EEN)	(1)	1
	7.10.3	• A • Hierdie karakter het Lukas mishandel. • A Hierdie karakter het Lukas mishandel. (Enige EEN)	(1)	1
	7.10.4	• E • Hierdie karakter het erken dat die uitkenning in die hof ’n leuen was. • E Hierdie karakter het erken dat die uitkenning in die hof ’n leuen was. (Enige EEN)	(1)	1
7.11		Die dramaturg beeld Barta uit as … • ’n tragiese figuur. • iemand wat nie baie praat nie. • iemand met ’n baie lae selfbeeld. • iemand wat nie kan standpunt inneem nie. • iemand wat onder haglike omstandighede leef. • iemand wie se man haar emosioneel mishandel. • iemand wie se opinie nie belangrik geag word nie. • iemand wat ’n groot geheim met haar moes saamdra. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
			[18]	
		EN		
7.12	7.12.1	Knysna / die dorp	(1)	2
	7.12.2	gevoelens	(1)	2
	7.12.3	waarheid	(1)	2
	7.12.4	Benjamin (Komoetie)	(1)	2
7.13	7.13.1	Kaliel (September)	(1)	1

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**
7.13.2	• Nina het hom baie gemis. • Nina was bly om hom te sien. • Nina was bekommerd oor hom. • Nina het hom bloot as haar broer gesien. • Daar is ’n goeie verhouding tussen Nina en Lukas. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
7.14	Nina het vir Lukas gesê dat sy broer / Dawid oorlede is.	(1)	1
7.15	• Nina was *miss* Weatherbury se “companion”. • *Miss* Weatherbury het haar oor Nina ontferm. • *Miss* Weatherbury het vir Nina maniere geleer. • *Miss* Weatherbury het potensiaal in Nina gesien. • Nina het vir *miss* Weatherbury gewerk. • *Miss* Weatherbury wou Nina help om soos ’n dame op te tree. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
7.16	• *Miss* Weatherbury het die hulp nodig gehad. • *Miss* Weatherbury het gedink dat sy Nina kon help met ’n beter lewe.	(2)	3
7.17	veiligheid	(1)	3
7.18	Ja. • Almal het die reg om hul eie besluite te maak. • Kinders sal uiteindelik hulle eie families hê. • Kinders moet hulle eie identiteit vind. • Kinders skuld hulle ouers niks nie. OF Nee. • Dit is kinders se verantwoordelikheid om na hul ouers om te sien. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
7.19	• B • companion • B companion (Enige EEN)	(1)	4

		VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
7.20	7.20.1	• "Lukas" was trots om 'n Komoetie te wees. • "Lukas" wou vir Fiela sê dat hy haar kind is. • "Lukas" het nog nooit soos "Lukas" gevoel nie. • "Lukas" wou nie dieselfde van as Nina hê nie. • Die naam "Lukas" het hom aan al die hartseertye in die Bos herinner. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	1
	7.20.2	Dit was sy naam vóór hy by die van Rooyens gaan woon het.	(1)	3
	7.20.3	As Lukas sy van verander na Komoetie, erken hy dat hy "Fiela se kind" is. (Soortgelyke antwoord)	(1)	4
7.21		Daar is baie tieners wat ... • slagoffers van rassisme is. • bevraagteken wie hulle werklik is. • onder haglike omstandighede grootword. • as kinders / babas aangeneem is en nie weet wie hul biologiese ouers is nie. • op 'n jong ouderdom reeds vir hulself moet sorg. • soos buitestaanders voel. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
			[17]	
			[35]	
		TOTAAL AFDELING B:	**35**	

	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
Hoeveelheid	11	5	11	3	2
Punte	16 / 35		12 / 35	7 / 35	
	46%		34%	20%	

AFDELING C: KORTVERHALE

VRAAG 8.1: DIE WELDOENER – T.T. Cloete

(Bl. 136 – 137)

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
8.1.1	• Die saal dien as 'n ontspanningsaal waar die jongmense dans en jolyt maak (1) en Sondae word daar kerk gehou (1). • Vrydagaande dans die jongmense en maak jolyt (1) en Sondae word daar kerk gehou (1). (Enige EEN of soortgelyk – albei kante moet genoem word)	(2)	2
8.1.2	Marin Marais	(1)	1
8.1.3	• Hoe groepsdruk 'n jong man se lewe kon verwoes het • 'n Weldoener wat 'n dronk, jong man help om by die huis te kom • 'n Jong man wie se vriende hom in die steek gelaat het en 'n vreemdeling help hom (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
8.1.4	• Hy het hom laat besef dat hy hom nie aan ander mense se opinie moet steur nie. • Dat daar nog goeie mense is wat ander mense help sonder om iets te vra / eis. • Hy moet sy drome waar maak ongeag wat ander mense dink of sê. • Hy het hom aangemoedig om konservatoruim toe te gaan. • Hy het hom huis toe geneem. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
8.1.5	• Beeldspraak • Stylfigure (Enige EEN)	(1)	1
8.1.6	Dat die jongman • sy vriendekring moet verander. • se vriende nie goeie pelle is nie. • moet besef watter tipe vriende hy het. • 'n besluit moet maak in verband met sy vriende. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
8.1.7	Iemand het geroep dat hy vals sing.	(1)	3
8.1.8	• Komponis • Koordirigent • Sangdosent	(3)	1

		VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
8.1.9	(a)	• C • Stranddorp • C Stranddorp (Enige EEN)	(1)	3
	(b)	• D • Strandhuis • D Strandhuis (Enige EEN)	(1)	3
	(c)	• A • Ontspanningsaal • A Ontspanningsaal (Enige EEN)	(1)	3
	(d)	• B • Konservatorium • B Konservatorium (Enige EEN)	(1)	3
8.1.10	(a)	Die jongman het • dronk geword. • selfbeheer verloor. • nie meer sy drome gevolg nie. • nie meer ’n selfbeeld gehad nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
	(b)	Die jongman wou • ’n musikant word. • ’n operaster wees. • musiek gaan studeer. • ’n sangloopbaan volg. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
8.1.11		• B • vriende kan maak dat jy jou drome verloor. • B vriende kan maak dat jy jou drome verloor. (Enige EEN)	(1)	3
			[18]	

EN

VRAAG 8.2: VAN PRECIOUS 'N BUISIE SALF – Maretha Maartens

Bl. 132

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
8.2.1	(a) Na die debatskompetisie toe	(1)	1
	(b) bussie	(1)	2
8.2.2	• Mense se probleme is verskillend. • Twee jong mense het die rowwe kant van die lewe ervaar. • Iets wat ’n groot probleem vir een mens is, kan klein wees teenoor dié van ander mense. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
8.2.3	• Beide het met mekaar hul diepste geheime gedeel. • Beide het besef dat elke mens sy / haar eie lewenservaring het wat nie aangenaam is nie. • Coenie het besef dat sy probleem nie so erg was teenoor Precious se ervaring nie. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
8.2.4	Coenie • het sy selfbeeld verloor. • het nie selfvertroue nie. • beskou homself as ondier. / Hy dink hy het ’n monster geword. • wou nie aan die debat deelneem nie. / Hy kruip in sy dop weg. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	3
8.2.5	(a) • B • “Maar ek wil dit vir jou sê!” • B “Maar ek wil dit vir jou sê!” (Enige EEN)	(1)	3
	(b) • E • “Ag, ek wou nooit deelgeneem het nie,” • E “Ag, ek wou nooit deelgeneem het nie,” (Enige EEN)	(1)	3
	(c) • C • “Ek het dit korter gemaak,” • C “Ek het dit korter gemaak,” (Enige EEN)	(1)	3
	(d) • D • “Ek hou nie van die tema nie,” • D “Ek hou nie van die tema nie,” (Enige EEN)	(1)	3

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
8.2.6	Coenie en Precious vertel mekaar die diepste geheime net soos die mense by die Waarheidskommissie.	(1)	2
8.2.7	(a) • Dat sommige tieners deur moeilike tye gaan • Sommige tieners kan nie hulle geheime met hulle ouers deel nie. • 'n Mens moet dankbaar wees vir wat jy het, want ander mense het ernstige(r) lewensprobleme. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
	(b) Dat hy / sy • so gou as moontlik hulp moet vra. • alles vir ouers of iemand wat hy / sy vertrou, vertel. (Enige EEN)	(1)	4
8.2.8	• Louise (Alberts) • Vassilis (Efstratoudakis) • Solomon (Chauke)	(3)	1
8.2.9	(a) • B • 'n refleksie is van hoe ander mense ons sien. • B 'n refleksie is van hoe ander mense ons sien. (Enige EEN)	(1)	3
8.2.10	• Die ongeluk • Die ongeluk lei daartoe dat Coenie en Precious mekaar aan die lewe help hou / praat oor hul lewens (tot hulp opdaag). (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	5
		[17] **[35]**	

TOTAAL AFDELING C: 35

	VLAK 1	VLAK 2	VLAK 3	VLAK 4	VLAK 5
Hoeveelheid	5	3	15	5	2
Punte	13 / 35		15 / 35	7 / 35	
	37%		43%	20%	

AFDELING D

VRAAG 9: GEDIGTE

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
VRAAG 9.1: "Palimpses" – Johann de Lange			
9.1.1	• Die gedig het 14 reëls. • Strofe 1 bestaan uit agt reëls (oktaaf) en die tweede strofe bestaan uit ses reëls (sekstet). • Die sekstet word saamgebind deur die eindrym wat in reëls 11 en 14 voorkom. (Enige EEN)	(1)	3
9.1.2	perkamentrolle	(1)	1
9.1.3	• D • personifikasie • D personifikasie (Enige EEN)	(1)	3
9.1.4	• Die bome "skryf" deur die waai van hulle boomtakke of met hulle silhoeët teen die blou lug, maar ons kan nie uitmaak wat "geskryf" word nie. • Net só is die eerste geskrewe teks op die palimpses afgekrap en onsigbaar vir die oog. OF • Beide boodskappe is onleesbaar / onverstaanbaar / 'n "geheim". (Enige EEN of soortgelyk wat die ooreenkoms aandui)	(1)	4
9.1.5	• Meulens saag die bome. • Die meulens maak pulp. • Die meulens maal die hout. • Bome word afgekap / gevel. • Die hout word verwerk / geplet. (Enige DRIE)	(3)	3

	VOORGESTELDE ANTWOORDE	PUNT	VLAK
9.1.6	Reël 1 – 7: Die bome is aktief en word verwerk. Reël 8: Bome is stil / dood. OF Reël 1 – 7: Baie dinge gebeur met die bome. Reël 8: Bome is stil / dood. (Soortgelyke antwoord wat die kontras aandui, maar beide reëls 1 – 7 teenoor reël 8 moet genoem word vir 1 punt)	(1)	3
9.1.7	Die herhaling van "stil" beklemtoon dat die afgekapte bome nie meer kan skryf nie / dood is.	(1)	4
9.1.8	(a) herleef / klink	(1)	2
	(b) tikmasjien	(1)	2
9.1.9	kletterend	(1)	3
9.1.10	(a) ring op ring	(1)	3
	(b) • Dit verwys na die alfabet waarmee woorde geskep word wat pyn uitdruk. • Dit verwys na die hele reeks woorde (wat pyn uitdruk). (Enige EEN)	(1)	4
9.1.11	"f**y**nste gr**ei**n"	(1)	4
9.1.12	Bome	(1)	1
9.1.13	• Dit verwys na die mens se tyd op aarde en die "pyn" wat die mens deur die tye / eeue ervaar. OF • Die papier wat van die hout gemaak is, kan dus uiteindelik al die pyn van die mens bevat. (Enige EEN)	(1)	5
9.1.14	In die oggend	(1)	1
		[18]	

EN

VRAAG 9.2: Boekmerk – Marlise Joubert

VOORGESTELDE ANTWOORDE			**PUNT**	**VLAK**
9.2.1	konnotatief		(1)	3
9.2.2	(a)	Alleenplasing	(1)	2
	(b)	Dit beklemtoon waaroor die gedig gaan, (naamlik kinders).	(1)	3
9.2.3	(a)	• E • "die reuk van bittersoet jasmyn" (Reël 10) • E "die reuk van bittersoet jasmyn" (Reël 10) (Enige EEN)	(1)	2
	(b)	• B • "met wange soos mossies" (Reël 2) • B "met wange soos mossies" (Reël 2) (Enige EEN)	(1)	2
	(c)	• D • "vlytig stort die druppels klank" (Reël 8) • D "vlytig stort die druppels klank" (Reël 8) (Enige EEN)	(1)	2
	(d)	• C • "elke lyfie 'n seilende gesang – "(Reël 5) • C "elke lyfie 'n seilende gesang – "(Reël 5) (Enige EEN)	(1)	2
9.2.4	"stoei"		(1)	3
9.2.5	(a)	• Die onderwyser sien elke kind as 'n pryslied. • Die onderwyser is dankbaar vir elke kind. • Elke kind is vir die onderwyser kosbaar. • Die kinders is sorgvry / gelukkig. (Enige EEN of soortgelyk)	(1)	4
	(b)	• Die verkleiningsvorm beklemtoon hoe belangrik die kinders is. • Dit dui liefde aan. (Enige EEN)	(1)	3
9.2.6		• Sy kon ook mor / kla. • Sy het geprotesteer. • Sy het baie ("waarom") vrae gevra.	(3)	3

VOORGESTELDE ANTWOORDE	**PUNT**	**VLAK**

9.2.7 Ja.
Die moderne jeug is soms baie vreemd en negatief.

OF

Nee.
Kinders van lank gelede het dieselfde vrae gevra as kinders van vandag, byvoorbeeld hoekom hulle moet skoolgaan.

(Enige EEN of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se standpunt) (1) 5

9.2.8 'n Onderwyser kan ...

- vriendelik wees.
- opreg voorkom.
- interessante lesse aanbied.
- opreg belangstel / die leerders prys.
- positief teenoor hulle leerders optree.
- nie afbrekende taal teenoor leerders gebruik nie.

(Enige TWEE of soortgelyk. Gee krediet vir die kandidaat se standpunt) (2) 5

9.2.9
- B
- liefdevol
- B liefdevol

(Enige EEN) (1) 4

[17]
[35]

TOTAAL AFDELING D: 35
TOTAAL: 70

	VLAK 1	**VLAK 2**	**VLAK 3**	**VLAK 4**	**VLAK 5**
Hoeveelheid	3	7	11	6	3
Punte	10 / 35		15 / 35	10 / 35	
	29%		43%	29%	